Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 17 Junie 2021

Gedagte van die week:
Goeie advies van 'n ou skrynwerker: Meet twee keer voordat jy een keer saag!
Goeie raad is soos sneeu: hoe sagter dit val, hoe dieper sink dit in.

Vertrekpunt:
Matteus 7:1-6

Meditasie uit die teks:
Ons teks van die week kan maklik verkeerd verstaan word in die sin dat 'n mens geen profetiese teregwysing of waarskuwing mag uitspreek nie. Indien 'n mens dit só interpreteer is ons almal onaanspreekbaar en gee ons mekaar as't ware 'n vrypas tot enige manier van lewe. Dit kan tog nie, want Jesus praat net in die volgende perikoop oor die smal en breë weg. Die teks wil my nie verbied tot aanspreking en teregwysing nie, maar wil my hart en gesindheid gereed maak vir 'n gesonde interaksie. Soos ek dit verstaan kan 'n mens net gesond profeties optree as jy dit doen met 'n priesterlike hart. 'n Priesterlike hart is nie hoogmoedig veroordelend nie, maar medemenslik medelydend. Die priester is deeglik bewus van sy eie onvolmaaktheid en gedurig bewus daarvan dat hy ook van genade afhanklik is. Wanneer die profeet alleen praat is dit gewoonlik hard en ongenaakbaar. Wanneer die priester profeteer is dit gewoonlik vanuit 'n nederige hart en medemenslike solidariteit met die een wat aangespreek word. Die profeet praat met mense, die priester praat **saam** met mense. Om met só 'n gesindheid na iemand te gaan moet 'n mens eers alleentyd met God bestee. In hierdie alleentyd praat ons dan nie oor "die sonde(s)" nie, maar praat ek met God en God met my oor "**my** sonde(s)". Ek sou dit kon vergelyk met iemand wat vir die aand uitgaan en dan eers bad/stort, lekkerruik goed aanspuit en die hare mooi kam. So moet ons ook wanneer ons na ons broer toe gaan eers by onsself stilstaan en onsself gereed maak vir die ontmoeting. Eers selfreiniging, dan reiniging! Eers in die spieel kyk, dan deur die venster kyk. Ons moet mekaar aanspreek en teregwys vanuit gesonde harte! Ek dink dit is die boodskap van ons teks.

Youtubeskakel:
Ons gaan nie Sondag 20 Junie 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by https://youtu.be/stmXwk6Mgvs

Meditasie uit die lewe
Ek, ons, praat té veel en té maklik oor God. Ons dink ons weet, maar wat weet ons nou eintlik? Die stilte is slimmer en wyser. In die stilte leer 'n mens meer as in die geraas. In die stilte doen God die praatwerk.

Praying	**Silence alive**
It doesn't have to be the blue iris, it could be weeds in a vacant lot, or a few small stones; just pay attention, then patch a few words together and don't try to make them elaborate, this isn't a contest but the doorway into thanks, and a silence in which another Voice may speak.	Silent Father, Silent Son, Silent Holy Spirit. Silent One, I love You. In the silence of eyes – I see You. In the silence of unspoken words – I hear You. In the silence of sudden touch – I feel You. In the silence of a flower's fragrance – I smell You. In the silence of bread and wine – I taste You. Sensual God, I love You. I love You in the silence. Silent Father, Silent Son, Silent Holy Spirit. Silent One, I love You.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com